

Sondag 3 Junie

Skrifgedeelte: Esra 3:6b-13

Fokusgedeelte: Esra 3:10-13

Jubel oor Christus, die Fondament van jou lewe

Hierdie gedeelte sluit aan by hoofstuk 2 waar die oorblyfsel van die volk uit ballingskap teruggekeer het. Een van die eerste belangrike take wat hierdie mense moes verrig, was die bou van die tempel. Hulle verhouding met God moet nou regkom en in orde wees.

Daar heers enersyds 'n opgewondenheid; andersyds 'n traagheid. Dit neem twee jaar vir hulle om te begin, ten spyte van geld wat alreeds daarvoor geskenk is. Die belangrikste plek om te begin bou, is die fondament. Dit het redelik vinnig klaargekom. Die voltooiing van die tempel het uiteindelik meer as 20 jaar geneem. Hier in ons fokusgedeelte is die vreugde en blydskap te bespeur.

Vers 11 wys duidelik hoe die volk begin om te jubel deur die volgende woorde te uiter: "Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie." Dis 'n aanhaling uit Psalm 136. Dit is gedoen, want die fondament van die tempel is gelê.

Die lê van die fondament is baie belangrik vir 'n gebou, en net so in die lewe van elke kind van die Here. Jesus Christus word gesien as die Hoeksteen van die gebou van God. Die Hoeksteen van ons lewens. Psalm 118 sluit aan by Psalm 136 en ons fokusgedeelte met die woorde: "Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie" (:1). Hier word verwys na Jesus Christus as die "klip wat deur die bouers afgekeur is". Ons as kinders van die Here kan egter nie bekostig om Christus af te keur nie.

Die hoeksteen van 'n gebou was die belangrikste steen gewees. Dit is noukeurig op sy plek gesit en al die ander stene is volgens daardie een steen neergelê. Jesus Christus is die Hoeksteen van ons lewens. Daarom moet ons toelaat dat die Gees van God ons neerlê sodat ons in lyn gebring kan word met Jesus Christus as ons Hoeksteen. Wanneer dit gebeur, kan daar 'n gejuig en 'n gejubel wees omdat Jesus Christus aan hierdie gebou, ons lewens, ons kerk, ons wêreld standvastigheid gee – want Hy is die belangrikste klip in die fondament van ons lewens.

Sing: Psalm 118-1:1, 11

Ds. Neville Boy (Thabazimbi)